

Saterdag 6 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 17:8-16; Jakobus 5:16-18 (AFR83)

Fokusgedeelte: 1 Konings 17:8-16

God sorg in die moeilikste van moeilike tye!

Die profeet Elia (sy naam beteken "Jahwe is my God") bots trompop met die goddelose koning Agab van Israel, sy vrou (Isebel van Sidon) en die afgod Baäl. Die boodskap van die Woord is dat reën, kos en lewe uit die hand van die Here kom. Hy hou sy verbondsbeloftes op alle plekke, in alle tye en omstandighede. Elia as gewone mens moes dit leer om God volkome te vertrou.

Die kanne en die kruike van die weduwee van Sarfat is onder die Here se beheer. Daar is nie grense vir die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, se genade en sorg nie. Ons sien die belangrikheid van gehoorsaamheid in die voorsiening vir die weduwee. Dit is duidelik dat sy in die Here geglo het, want sy erken dat die Here sy God leef (vs 12). Maar sy moet steeds die opdrag van Elia gehoorsaam om vir hom water te gaan haal en 'n roosterkoek van die laaste bietjie meel en olie te maak. Dit is wanneer sy die opdrag gehoorsaam dat die Here se belofte sigbaar word in die wonder dat die kruik met meel nie leeg raak en die fles met olie nie leeg loop nie.

Dit is vandag steeds so. Ons moet God alleen vertrou en gehoorsaam in alle tye en omstandighede. Ons is nie die slagoffers van ons omstandighede nie, maar moet die Here daagliks dank vir my beroep, my loopbaan, my bankrekening en my besittings. Want dit is aan ons geleen as gereedskap om Hom daarmee te dien, te eer en te prys vir sy sorg in hierdie land waar ons geplaas is.

Ons roeping is om die Here te dank vir ons versorging en met ons middele sy genade te verkondig.

Sing: Psalm 2-1:1

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)